

Kategeet werkblad: 18 September 2011

Teksgedeelte:

Handelinge 16:11-40

Agtergrond:

In die vorige gedeelte praat Paulus en Barnabas met die gemeente in Jerusalem, oor die gemeente vertel dat die gelowiges steeds die Judese gebruike en –godsdien moet onderhou om gered te word. In hierdie gedeelte kom Paulus en Silas in die moeilikheid omdat hulle volgens die mense in Filippi hulle Joodse gebruike op die Romeine wil afdwing. Dit sê iewers het hulle hul plek verloor: as hulle nie volgens die Judeërs reg optree nie en die Romeine voel bedreig deur Paulus en Silas, dan wys dit mos dat hulle nie tot een van die twee groepe behoort nie.

Die verhaal in hoofstuk 16 is eintlik drie aparte verhale wat juis hierdie ongemaklike situasie van “uit plek wees” wil illustreer. Tog verduidelik dit ook wat die effek is wanneer mense hulle plek vind, hoe hulle verander. Hulle tree anders op en kyk ook met ander oë na hulle omstandighede. Al sien hulle samelewing hulle dalk nog as “uit plek uit” het hulle hul plek gevind.

Verwagte uitkoms:

Al voel ons soms “uit plek uit” is ons nie werklik uit plek nie. Dit word ons geleentheid om ons plek wat ons in God het te herbevestig, om God se koninkryk sigbaar te maak.

Aksie:

“Boud skuif”

Plaas genoeg stoele vir elke kind in die groep in ’n sirkel. Laat die kinders op die stoele sit en kies een persoon om “aan” te wees. Hierdie persoon moet in die middel staan en probeer om terug in die groep in te kom, maar die res van die groep moet dit nie toelaat nie. Hulle kan na links of regs skuif om seker te maak dat die oop stoel toegemaak word. As die persoon wat “aan” was dit regkry om weer by die groep aan te sluit word een van die twee persone weerskante van hom/haar gekies om “aan” te wees.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as ’n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit

te kom. Jy kan ook jou eie vroe gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vroe:

- Aan watter TV-program het hierdie speletjie jou laat dink en hoekom?
- Wie het die meeste gesukkel met die speletjie?
- Wie het die speletjie die meeste geniet?

Hart vroe:

- Wie in die speletjie het dieselfde gevoel as wat jy gevoel het, hoekom sê jy so?
- Het jy al op 'n vorige keer gevoel soos jy in die speletjie gevoel het (uitgesluit of om iemand uit te sluit)?

Skoppens vroe:

- By watter plekke word mense uitgesluit?
- Hoekom word mense uitgesluit?
- Hoe was die mense van wie ons in die storie van Handeling gelees het uitgesluit?

Klawers vraag:

- Wat het Paulus en Silas gedoen om mense in te trek?
- Die mense waarvan ons gelees het, was nie ewe skielik populêr gewees nie, hulle het 'n ander plek gekry om aan te behoort. Hoe kan ons vir mense wys dat hierdie “ander plek” die plek is waar God gedien word en hoe kan ons mense “intrek” by hierdie ander plek?